Republiek van Suid-Afrika

MINISTERIE VAN BUITELANDSE SAKE

Privaatsak X152
Uniegebou
Pretoria
0001
Tel
Verw

GEHEIM

12 November 1984

AAN ALLE LEDE VAN DIE SVR

Die aangehegte memorandum is opgestel op versoek van die Staatspresident.

Alhoewel ek met die SSVR, en die Suid-Afrikaanse Polisie gekonsulteer het is hierdie instansies se insteming, weens die tekort aan tyd, nie bekom nie. Ons het ook met die SAUK gekonsulteer oor die onderwerp.

Met vriendelike groete

Louis Nel.

D J LOUIS NEL
ADJUNK-MINISTER VAN
BUITELANDSE SAKE

GEHEIM

MEMORANDUM

AAN: ALLE LEDE VAN DIE STAATSVEILIGHEIDSRAAD

ONLUSSITUASIES: VOORGESTELDE TERMINOLOGIESE RIGLYNE VIR AMPTELIKE SEGSMANNE

1. Doelwitte

Binne die raamwerke van bestaande totale stragegië, en met die spesifieke benodighede van gekoördineerde teenoptredes op die terrein van psigologiese aksie, word die volgende as doelwitte gestel met betrekking tot die terminologië van amptelike segsmanne/ kommentators (SAUK ingesluit):

1.1 Om van die organiseerders (U.D.F. et al) van onluste, boikotte en des meer positiewe politieke/maatskaplike erkenning, krediet en publisiteit te weerhou.

1.2 Om die woede van die onskuldigde massa teen kriminele aktiwiteite te kanaliseer.

1.3 Om die binnelandse en buitelandse openbare menings oor die kriminele aard van sodanige aktiwiteite asook die nutteloosheid van geweld op te voed.

1.4 Om die "Swart-op-swart" karakter van hierdie misdade te publiseer (nie noodwendig te beklemtoon nie).

1.5 Om die klimaatskeppende inisiatiewe met betrekking tot die bevordering van vreedsame verandering te ondersteun. (Opmerking: hierdie riglyne moet as aanvullend tot die SSVR - STRATKOM - ondersoek met betrekking tot klimaatskepping gesien word).

Algemene nota oor klimaatskepping

Dit word voorgestel dat beide die Regering en die SAUK in hul hantering van stedelike onrus (met ander woorde verklarings, kommentaar ens) ŉ bepaalde denkpatroon volg.

Die daarstelling van so ŉ denkpatroon geskied volgens sekere sielkundige beginsels wat die hoorder daartoe lei om die stedelike onrus binne ŉ bepaalde gegewe raamwerk te gaan besien.

Meegaande knipsel (sien aanhangsel) van ŉ toespraak van Dr Beyers Naude illustreer hierdie beginsels in praktyk:

"White South Africans must accept the inevitability of black majority rule or face an escalation of conflict.

Die tegniek kom daarop neer dat die hoorder of leser gekonfronteer word met ŉ bepaalde gegewe denkpatroon waarbinne aan hom sekere alternatiewe gegee word as keuse. Dit skep by hom die indruk dat hy ŉ vrye keuse het, maar in werklikheid is daar ŉ spanningselement by die twee alternatiewe ingebou wat hom "spontaan" ŉ keuse laat maak in ŉ sekere rigting. Hierdie "spontane keuse" is egter vooraf reeds deur die persoon daar gestel wat die denkpatroon ontwikkel het.

Dr Naude stel 'n denkpatroon met twee alternatiewe: swart regering of konflik!

Omdat die mens in sy denke instinktief wegskram van konflik (as gevolg van die spanningselement) aanvaar sy gedagtes outomaties die alternatief, nl. swart regering.

L.W. die leser het nie die vryheid om die logika van die twee alternatiewe te bevraagteken nie, hy mag slegs 'n keuse maak tussen die twee.

Hierdie is 'n uitstekende voorbeeld van denkmanipulasie.

Belangrik

Dit moet beklemtoon word dat die voorgestelde terminologië alleen as 'n konseptuele riglyn gesien moet word. By uitvoering moet daar nog altyd staatgemaak word op die oordeelsvermoë en vindingrykheid van individuele segsmanne. Aan laasgenoemde word een algemene caveat aangebied: die amptelike segsman se gehoor is nooit tot sy eie toehoorders/kiesafdeling beperk nie.

2. Die Konseptuele Raamwerk vir die Terminologië

Voortvloeiend uit bogenoemde doelwitte is dit duidelik dat die klem hoofsaaklik op spesifieke gemeenregtelike misdade moet val en dat verwysings na misdade wat politieke konnotasies inhou meestal vermy moet word bv.

- brandstigters (arsonists), plunderaars (looters), moordenaars (murderers), wurgrowers (muggers).

Waar moontlik moet arrestasies en formele aanklagtes ten opsigte van <u>gemeenregtelike misdade</u> gepubliseer/ beklemtoon word.

Waar dit nie prakties moontlik is om na spesifieke gemeenregtelike misdade te verwys nie moet beskrywings soos "oproeriges", "boikotters", "protesteerders" liefs vermy word en waar toepaslik vervang word met beskrywings soos:

- straatboewe (hooligans), vandale, vernielsugtigdes (vandals, thugs).

Die aansien van die instigeerder word verhoog waar hy met wydverspreide aksies/onluste geassosieer word. As riglyn word voorgestel dat die militante organisasies (ANC, UDF ens) eerder met individuele gevalle van gruweldade gekoppel word (bv. karbomme) as met massa-aksies.

3. <u>Die Onskuldige Slagoffers van Kriminele Misdade</u>

Dit is van uiterste belang dat daar aan die slagoffers van geweldadige optredes publisiteit verleen moet word. Die "menslike dimensie" is die sleutelelement wat aangewend moet word om meegevoel en afkeur aan te blaas. Dit moet op 'n wyse gedoen word wat eensgesindheid onder die slagoffers/bedreigde persone aanwakker. Sodanige eensgesindheid sal die fondament van teenaksie op leiersvlak daarstel.

4. <u>Die "Machismo" Faktor</u>

Die straatboef se persepsie van sy manlikheid hang grootliks saam met sy "heroïsme" en "bravado" wanneer hy gevare konfronteer. Beklemtooning van die

lafhartige aard van die meeste gewelddade sal sy persoonlike persepsie - en die van die publiek - ondermyn.

5. <u>Voorbeelde</u>

Hier volg enkele voorbeelde met betrekking tot paragrawe 2 tot 4 hierbo:

- "... straatboewe het die broodafleweringsvragmotor geplunder ..." (Para 2)

- "... drunken vandals ransacked the beerhall" (Opmerking: misbruik van alkohol word deur verantwoordelike swart persone sterk afgekeur). (Para 2)

- "... a heartbroken mother of four watched her Dobsonville home burn while distraught passers-by managed to save only these few belongings ..." (Paras 2 en 3).

- "... neighbours clubbed-together to provide ..." (Para 3).

- "... nabye huisbewoners het die polisie ontbied en die ernstige beseerde taxipassasiers hospitaal toe gejaag ..." (Para 3).

- "... the sixty-year old grandfather was the victim of a cowardly attack by a gang of thugs wielding iron bars, chains ..." (Para 4).

- "... the hooligans ran away when a police car arrived" (Opmerking: "ran away" in plaas van dispersed")

5. <u>Aanbevelings</u>

5.1 Die sistematiese aanwending, op 'n gekoördineerde basis, van bogenoemde terminologie as 'n hoë prioriteit.

5.2 Oorweging van laasgenoemde binne die raamwerk van die SSVR (STATKOM) stragegie met betrekking tot klimaatskepping vir ordenlike, vreedsame regering.

5.3 Prioriteitsaandag en publisiteit aan politieke inisiatiewe wat betrekking het op die sleutel-vraagstukke op binnelandse politieke terrein, te wete werksaamhede van die Spesiale Kabinetskomitee en verwante konsultasies met swart politieke leierskappe.

MEMORANDUM AANGEBIED DEUR DIE DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE

ADJUNK-MINISTER VAN
BUITELNDSE SAKE

S 17/10

# Black rule or conflict inevitable — Naude

By Sue Leeman,
Pretoria Bureau

White South Africans must accept the inevitability of black majority rule or face an escalation of conflict, Dr Beyers Naude warned yesterday.

In one of his first speeches since his banning order was lifted last month, he said that, while there was still time for "relatively peaceful change", the conflict could not now be resolved without some violence.

Dr Naude spoke frankly after seven years' enforced silence.

"One major impression that has grown within me during my banning is of the growing divide between white and black in our country.

"The vast majority of blacks, coloureds and Indians have totally rejected the very same constitution which has been strongly supported by 66 percent of whites.

"The majority of blacks regard the recent political developments as steps which force them into a low-scale form of civil warfare.

## HATRED

"This is shown by the growing hatred among black youth for the police and army and the cynical disregard for laws made by the whites."

Dr Naude said that, while most whites believed the dominant white community could uphold the present political system for years to come, many blacks felt cracks had appeared in the apartheid structure which, if exploited properly, could bring about black liberation sooner than expected.

Dr Naude said it should be realised that the more the Government pushed its brand of "reform" the greater would be the resistance from the black, coloured and Indian communities.

Increased Government action against the United Democratic Front on the basis that it was an ANC front would merely enhance the image of the ANC in the eyes of UDF supporters.

Dr Naude said the Afrikaner should take the lead in bringing about fundamental change.